

Springdingetjies, skuim- en sonbesies en ander hoppers

Al hierdie baie snaakse en nogal vermaaklike “springertjies” het my eer baie deurmekaar gemaak, maar hoe meer ek van hulle leer ken, hoe meer sien ek hulle en kan identifiseer, **watter springertjie dit nou eintlik is.**

Almal is besies (bugs, Wanzen). Almal neem hulle kos in d.m.v. ‘n“slurpie”, waarmee hulle plantsap of diersap (bv. bloed of, opgeloste binnegoed van ander insekte) suig. Hulle het vlerke. Hulle lê eiers, daaruit kom larves en daaruit weer na menigte vervellings die volwasse dier.



**Zanna twig snout bug* let op die are op die agterste vlerk en die blou skynsel van die onderste vlerk. Hulle lewe van plantsap. Hierdie ene is ongeveer 2 cm groot. Hulle is dikwels grys van kleur, omdat hulle dikwels op grys takke sit. Die groene is kleiner en behoort aan die *Familie Dictyopharidae*. Ek het dit op die mielieblare gesien.



*Dit is *Parapioxys jucundus* (plantspringers, plant hoppers), wat ek by die sitrusbome op die blare gesien het. Hulle kan ook heelwat donkerder wees, amper swart.

Interessant is die helderrooi onderkant. Die diertjie is ongeveer 3 cm lank en het ‘n vlerkspan van amper 2,5 cm.

*Dan is daar nog die “springdingetjie *Elasmocelis* (GOGGAstorie No 9) en sy ouers. Hulle lewe ook van plantsap, ek kry hulle meestal op gras. Die mannetjie blyk groter te wees as die wyfie (of andersom??) en die nimfie lyk heeltemal anders (sien tussen die fotos van volwasse diertjies)



*.....of die “spoeg” in die gras, *Cercopidae* (GOGGAstorie No 1), en hulle nimfies wat in die skuimpie skuil, sodat hulle nie uitdroog nie.



Volwasse skuimbesie



skuimbolletjie in die gras



nimfie kriip uit die skuim

*Nog ‘n ander groep is die *Membracidae* (boomspringers , tree hoppers, Buckelzikaden). Hulle het agter op die kop eenaardige doringagtige uitsteeksels. Die ene wat ek gekry het, lyk soos ‘n buffeltjie. Hulle is klein, onder 1 cm lank en kom gewoonlik in groepe voor, dikwels word hulle saam met miere gesien. Baie snaakse goetertjies! Hulle laat miere toe om hulle te streek, en as



vergoeding sonder hulle ‘n soet vloeistof af, wat dan deur die miere gevreet word.

As ek hierdie goggatjie nie in ‘n spinnekopweb ontdek het, sou ek nooit van hulle geweet het nie.

*Verder is daar nog die blaarspringers, leafhoppers, *Cicadellidae*, wat nog kleiner is, ongeveer 2 mm lank. Hulle kan uitgeken word aan die lang agterbene wat sterk getand is. Somtyds as hulle op ons gaan sit, voel dit of hulle byt, hulle steek hulle slurpie in die vel en soek vog. Hulle is een van die grootste en algemeenste groep plantsuiende insekte. 'n Teken van die pes is dikwels opgekrulde blare. Daar mag meer as 100 000 spesies voorkom. Hulle vorm 'n belangrike kosbron in die voedselketting vir akkedisse, voëltjies, spinnekoppe, roofinsekte, maar hulle kan



ook vir aansienlike skade by plantasies sorg; ek sien hulle dikwels by die wingerd, waar hulle aan die onderkant van die blare suig. Die blare krul dan in a.g.v. uitdroging.

*Laastens dan nog die grootstes van almal is die *Cicadidae* (sonbesies, cicadas, Zikaden). Dis hulle wat aan die vreeslike somerhitte en verblindende sonlig gedurende die dag in November/Desember sy skrilte aanhoudende klank gee. Om hulle op 'n boom uit te maak, is nie so maklik as hulle bly sit nie, hulle versmelt amper total met die agtergrond. As hulle egter wegvlieg sien jy die rooi of oranjekleurige ondervlerke. Voor is die kop breed, die hele diertjie lyk nogal plat. Afhangende van die soort is hulle groot of kleiner, ek het al ene gesien van 5 cm lengte, dalk nog langer.



Inligtingsbronne: Field Guide to Insects of Southern Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Remarable Insects of South Africa (Lambert Smith)

John Irish (Dankie vir al die inligting!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2017